

1

DIE BYBEL

Die Boek wat ons van God vertel

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet begryp dat ons God en sy liefde deur die Bybel leer ken.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat ons God uit die Bybel leer ken.
- dat God die gelowige mense van die ou tyd gebruik het om hierdie besondere boek te skryf.

Gesindheid

Die kinders moet graag die Bybel wil lees sodat hulle nog meer van God kan leer.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- hul Bybels oppas.
- elke dag uit die Bybel lees en hul ouers aanmoedig om as gesin saam huisgodsdienst te hou.
- hul Bybels saambring erediens toe en saam met die dominee die Bybelgedeeltes lees.
- fondse help insamel vir die verspreiding van Bybels en seker maak dat al hul maats, die tuinhulp en die huishulp 'n eie Bybel het.

MEER INLIGTING (Josua 1: 1-9; Psalm 19: 8-12; Psalm 119: 9; Jakobus 1: 19-27; 2 Timoteus 3: 10-17)

Die inligting is vervat in die aanbieding hieronder.

AANBIEDING

Belangrik: Daar moet vir die res van die jaar met elke klasgeleentheid 'n Bybel in die klas wees.

Jy het nodig

- Potlode.
- 'n A3-muurkaart met Gesang 553 daarop.

KOM ONS BEGIN

Oral waar voorgestel word dat 'n lied gesing word, geld dit net wanneer omstandighede dit toelaat.

Open met 'n gepaste gebed, en sing Gesang 553 of lees dit voor.

*Ek is bly ek ken vir Jesus; ek is bly ek is sy kind.
En ek bly my hele lewe aan die Here vasgebind.
Ek is bly ek het 'n Bybel dat ek elke dag kan lees –
kinders van die Here het niks om voor bang te wees,
kinders van die Here het niks om voor bang te wees.*

HET HULLE ONTHOU?

Vra uit oor verlede jaar se Kersfees-rolspel. Vra wat hulle kan onthou, wat hulle self Kersfees gedoen het, ensovoorts.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Vra die vraag van Psalm 119: 9: *Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou?*
- Verduidelik aan die kinders dat 'n skoon lewe beteken om goed en reg te lewe, om God se wil te doen.
- Gee die antwoord van Psalm 119: 9: *Deur hom te hou aan u woord!*

Hoe dink julle het die Bybel ontstaan? Baie jare gelede, toe mense nog nie kon skryf nie en toe daar nog nie radio's, selfone of rekenaars was nie, het God mense gebruik om vir mekaar van Hom te vertel. Daar was baie dinge wat God wou hê die mense van Hom moet weet. Die mense wat God geken het en geweet het wat Hy alles gedoen het, het eers vir mekaar daarvan vertel. 'n Pappa het byvoorbeeld vir sy kinders vertel van al die wonderlike dinge wat God gedoen het. Eers baie later, toe mense begin skryf het, het hulle begin om hierdie vertellings oor God neer te skryf. Hulle het nie boeke soos ons gehad nie. Hulle het onder andere op plat klippe en boekrolle wat van vel of plante gemaak is, geskryf.

God het mense wat Hom geken het en vir Hom lief was, gekies om oor Hom en sy groot dade te skryf. Al hierdie skrywes is later bymekaargesit en in een groot boek saamgevat – die Bybel. Daar is 66 verskillende boeke in die Bybel. Daar is verhale wat die geskiedenis vertel, liedere,

briewe en boeke wat die goeie nuus van Jesus vertel. Al hierdie geskrifte help mense om God te leer ken en in Hom te glo. Dit is hoe die Bybel ontstaan het.

IETS INTERESSANT

Die Bybel is nie 'n gewone boek nie. Die Bybel is God se Woord. Dit beteken God praat met ons deur sy Woord. Die boodskap wat die Bybel vir ons bring, verander nooit. Omdat God deur die Bybel met ons praat, is die Bybel waar.

Die Bybel leer ons om te lewe soos God wil hê ons moet lewe. Dit leer ons dat God alles gemaak het. Hy sorg vir alles. Ons leer dat God vir ons lief is. Die Bybel is die duidelikste en beste manier om God te leer ken. Ons moet ons Bybel gereeld lees, want so leer ons meer van ons Hemelse Vader en hoe groot sy liefde vir ons is. Ons moet mense wat nie Bybels het nie, help om Bybels te kry. Ons kan help om geld in te samel om Bybels te koop en vir mense te gee.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon die volgende waarhede:

- God praat met ons deur die Bybel.
- Lees die Bybel gereeld.
- Uit die Bybel leer jy God ken – sy liefde, trou en sorg.
- Uit die Bybel leer jy hoe om reg te lewe soos wat God wil hê.
- Ons moet mense wat nie Bybels het nie, help om Bybels te kry.

IETS OM TE DOEN

- Herinner hulle aan Psalm 119: 9: *Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!*
- Laat die kinders die volgende sinne in hul boeke in die boekrol skryf:

- *Uit die Bybel leer ons God ken*
- *Die Bybel leer ons hoe om volgens God se wil te lewe*

- Laat hulle die woorde van Psalm 119: 105 onder die prent van die lamp skryf:

U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad

Belangrik:

- Reël betyds wie volgende week se klas gaan aanbied – veral vir die maak van hulpmiddels.
- Reël met die ouers om Les 3 te kom bywoon. Dit is 'n gesinsles.
- Wys persone aan om in die rolspel by Les 3 te speel en gee vir hulle fotostate met die woorde.
- Laat hulle voorberei vir die rolspel.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat die kinders hul ouers vra om elke aand een van die stukkies hieronder uit die Bybel te lees en te verduidelik. Daarna kan hulle in 'n paar woorde langs elke teks die inhoud weergee.
 - Psalm 19: 8-12
 - Jakobus 1: 19-27
 - 2 Timoteus 3: 14-17
- Laat elke kind by die huishulp, tuinwerker of by maats uitvind of hulle 'n Bybel het om te lees.
- Indien nie, kan die kinders maniere vind om vir dié persone Bybels te gee.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer: *Uit die Bybel leer jy God ken – sy liefde, trou en sorg.*

AFSLUITING

Sluit af met die volgende gebed: Here, dankie dat ek 'n Bybel het. Help my om al die goeie en regte dinge wat U ons leer, te verstaan en te doen. Amen.